

PETRONELLA STEVENS STAMMOEDER VAN DIE TERREBLANCHE'S

Op bl. 89 van C. Pama se 1966-verwerking van C. C. de Villiers se Geslagsregisters word vermeld dat Maria de Bruyn (al b3) met Steven Botma (b5 c1) getroud was. Die doel van hierdie artikel is om aan te toon dat Stephanus Stevens(z) (Stevense), met wie Maria de Bruyn getroud was,¹ en Steven Botma nie dieselfde persoon was nie.

Steven Botma is op 20.2.1696 gedoop.² In sy doopinskrywing word sy vader as Jan Stevenz Botma aangegee. Steven Botma het nog geleef toe sy ouers se testament in 1708 opgestel is.³ In 1719 se Opgaafrol word aangedui dat sy ouers een seun en twee dogters het.⁴ Steven Botma se besonderhede word ook nie afsonderlik aangegee nie. Hy was dus waarskynlik in 1719 reeds oorlede. Hierdie vermoede word deur sy moeder, Christina (Steyntje Christoffelse) de Bruyn, se Boedelinventaris van 1724 versterk.⁵ Haar enigste erfgename was haar seun Jan en haar dogter Aletta se dogter Geertruy Frappe. In al die genoemde dokumente word Botma (en nie Stevens nie) as die van aangegee.

Stephanus Stevens en Maria de Bruyn se enigste kind Petronella (eintlik Pieterella) is op 1.4.1731 gedoop.⁶ Stephanus Stevens is ongeveer 'n jaar hiema oorlede.⁷ Sy weduwee en Esajas Engelbert Meyer is op 6.9.1733 getroud.⁸ Stephanus se van word in hierdie dokumente as Stevense of Stevensz aangegee - nooit as Botma nie.

Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat Stephanus Stevens en Steven Botma verskillende persone was. Op bl. 927 van C. Pama se 1966-verwerking van C. C. de Villiers se Geslagsregisters verskyn besonderhede van Joost Stevens, sy vrou Pietertje Gerrits en hul drie dogters. Volgens 1705 se Opgaafrol het Joost Stevens drie dogters en 'n seun gehad.⁹ Sy dogter Hendrina se oudste dogter het ook Pieterella geheet.¹⁰ Stephanus Stevens was dus moontlik Joost Stevens en Pietertje Gerrits se seun.

Petronella Stevens is op 25.8.1748 met Pieter Terreblanche getroud.¹¹ Ook in hierdie inskrywing word Petronella se van as Stevens, en nie as Stevens Botma of Botma nie, aangegee. Pieter Terreblanche, enigste seun van die Terreblanche-stamouers, was dus met 'n Stevens en nie met 'n Botma nie getroud.

G. F. C. de Bruyn

Verwysings

(Tensy anders vermeld, beros die dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.)

¹ VC 654 Huweliksregister, Paarl (Drakensteijn), 1717-1823 (20.11.1729).

² VC 632 Doopregister, Stellenbosch, 1688-1732.

³ MOOC 7/1/2 Testamente, 1712-1720 (nr. 101). Volgens hierdie testament het Jan Botma en Christina de Bruyn twee seuns (Steven en Jan) en twee dogters (Aletta en Hendrina, gebore c. 1699) gehad.

⁴ A 2250 Opgaafrolle

⁵ MOOC 8/4 Inventaris, 1720-1727 (nr. 121, 29.4.1724 en 2.5.1724).

⁶ VC 564 Huweliksregister, Paarl (Drakensteijn), 1717-1823.

⁷ MOOC 8/5 Inventaris, 1727-1739 (nr. 55, 3.7.1732)

⁸ VC 654 Huweliksregister, Paarl (Drakensteijn), 1717-1823

⁹ Opgaafrol, 1705. Kopie by die Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Weskaapland, beskikbaar. Volgens hierdie Opgaafrol is Joost Stevens se vrou waarskynlik in 1705 oorlede. Pietertje was dus waarskynlik dié egpaar se jongste kind.

¹⁰ VC 632 Doopregister, Stellenbosch, 1688-1732 (22.7.1725).

¹¹ VC 654 Huweliksregister, Paarl (Drakensteijn), 1717-1823; CJ2629 Testamente de Kodisille, 1775 (nr. 54, 21.11.1775). In laasgenoemde testament van Maria de Bruyn en haar derde man, Federinandus Albregt Bierwaard, word vermeld dat haar dogter Petronella Stevens met Pieter Terreblanche getroud is.